UITGAWE 33/2011

25 September 2011

IEDERARK

Ds Willem Louw
(018) 294 8197
082 340 7549

Ds Okkie Cilliers
(018) 297 7926
083 262 6783

Ds Dorette Cilliers
(018) 297 7926
074 434 7093

Kerkkantoor
Tel (018) 294 8121
Faks (018) 294 3900
Webwerf http://www.ngkmiederpark.co.za
Epos kantoor@ngkmiederpark.co.za
Sendingkantoor sending@ngkmiederpark.co.za
Jeugkantoor jeug@ngkmiederpark.co.za

Wat gebeur DV die volgende week .....

Sondag	25 September	Erediens—HJ Cronje Sondagskool Gr 1-6 Aanddiens	09:15 18:00
Maandag	26 September	Gemeentebestuurs-vergadering	18:00
Dinsdag	27 September		
Woensdag	28 September		
Donderdag	29 September	Vroue Bybelstudie	10:00
Vrydag	30 September	Skole sluit	
Saterdag	1 Oktober	Mannebiduur	07:00

Inhoudsopgawe:

Sending Gebedsversoeke	2
Gebedsbediening	3
Glinster Grys	4
Botswana	5
Nuus uit Frankryk	6
Sielskalender	7
Gebedskalender	8

‘Geseënd is die invloed van een opregte, liefdevolle siel op ‘n ander.’

- GEORGE ELIOT

Sending Gebedsversoeke

HOSPITAAL SENDING

Bid asseblief vir:

Twee meisies wat na 'n mislukte selfmoordpoging hul harte vir Jesus gegee het. Dat Christen vriende baie aandag aan hulle sal gee. Dat baie siek mense die evangelieboodskap sal verstaan as ons vertel. Hettie Slabber en haar groep wat vanoggend die boodskap in die hospitaal bring.

ANGOLA SENDING (Freddie)

Freddie bied weer die BOFF-KURSUS AAN IN Seronga. Daar is weer ,n groepie studente wat die kursus wil deurloop. In Calai is daar nog twee studente wat die TT i kursus moet voltooi.

Bid asb:

- Dat die studente begerig sal wees om die onderskeie kursusse te voltooi
- Dat die Here hulle harte ontvanklik sal maak vir die Woord.
- Dat Freddie die teenwoordigheid van die Here elke dag sal ervaar.

MALAWIE SENDING (Pieter Loots)

Bid asb vir:

- Die werktuigkundige wat Pieter help om die ratkas van die bakkie reg te kry voordat hy na SA kan kom.
- Frazer en Voilet met hul gesinskrisis.
- Hierdie naweek word baie aandag aan Inisiasie vereistes vir Islam geloof gegee. Daar word fees gevier vir die kinders wat Moslems word. Baie partytjies word gehou en dit is vol toordery. Bid asb vir Ziniya wie se familie al hierdie dinge reël. Dis vir haar baie swaar want hulle probeer haar daarin dwing.

Baie dankie Vader vir die wat vasstaan in hul geloof in Jesus en weier om deel te neem.

KONGO VERITAS SENDING

(Ds Dawie)

Baie dankie.

- Vir ons Hemelse Vader dat ons hierdie unieke ervaring kon beleef om Frankryk beter te leer ken.
- Dankie ook vir almal wat vir ons gebid het. Ons kon dit op alle vlakke aanvoel.
- Ten spyte van die vervolgling word daar gemiddeld een nuwe gemeente elke tien dae gestig. Daar is dus **'n geweldige behoefte aan opleiding** van gemeenteleiers omdat die gemeentes klein is en nie voltydse leraars kan bekostig nie.

Bid asb daarom vir: * Die kerke in Frankryk wat onder moeilike omstandighede funiksioneer. **Wysheid** om hierdie behoefte op die regte manier aan te spreek. Bid verder vir my **besoek aan die Kongo** volgende week.

Gebedsbediening

Lukas 13:24

Span al julle kragte in om by die small deur in te gaan.

Gebedsaksies:

Gebed voor die erediens—ouderlinge, gemeentebestuur en selleiers word uitgenooi na die geleentheid voor die erediens om 09:00.

Gebed voor die aanddiens—enige lidmaat is welkom om 17:45 in die konsistorie bymekaar te kom om deel te wees van die gebedsgroep.

Gebed tydens die erediens—selgroep is verantwoordelik vir hierdie geleentheid.

Personeelgebed—dinsdae om 08:15 bid die kerk se personeel saam.

Dag van gebed:

Die volgende dag van gebed is 17 Oktober.

Gebedsgeleentheid:

Tydens Aardklop vanaf 4 tot 8 Oktober tusse 08:00 en 09:00 op die Aardklopterrein.

Gebedsketting:

Vir enige gebedsversoeke stuur ‘n kort sms na 082 460 5272.

Moet asseblief nie die nommer skakel of ‘reply’ na die sms’e nie, as u ‘n gebedsversoek via die sms gebedsketting ontvang, moet u asseblief nie op die sms nr terug reageer om meer inligting te soek oor die spesifieke saak nie. Hierdie nommer word slegs gebruik om die versoeke te hanteer.

Gebedsversoeke:

Bettie du Plessis

Henry Jacobs en familie

Mariëtte Stahmer

Ds Dorette

Gemeentebestuur

Paula Pretorius

Rina Brooks

Samantha Dippenaar

Susan Pienaar

Dylan Berry (Iemand wat hom ken, moet asb vir Lettie kontak.)

Kontakbesonderhede:

Skakel Lettie van Rensburg 083 959 0020 indien jy wil inskakel by een van die bogenoemde gebedsgeleenthede.

GLINSTER GRYS (Senior Burger Bediening)

VIERINGS!

Veels geluk aan die volgende senior burgers wat in hierdie week hulle geboortedag herdenk:

23 September:

Lina Cornelissen

24 September:

Koekie Claassens

29 September

Steve van Niekerk, Kelly Nortje

Mag die Here u in die nuwe lewensjaar omhein met Sy Barmhartigheid, kroon met Sy Vrede en seën met Sy intieme Teenwoordigheid.

Hospitaal opnames

Wanneer lidmate van die gemeente opgeneem word in Potch Medi Kliniek, moet hulle asseblief by opname duidelik meld dat hulle lidmate van die NG Kerk Miederpark is. Dit maak dit vir die leraars makliker om hulle tydens die weeklikse hospitaalbesoeke (Dinsdae en Donderdae) op te spoor.

Gebedsversoeke

By die sydeur en in die ingansportaal is ’n houtkassie gemerk ”**Gebedsversoeke”.**

As jy wil hê ons moet saam met jou bid oor ’n saak of dat ons by jou huis saam met jou moet kom bid, gooi jou versoek in die houer en dit sal opgevolg word.

Sit net ’n kontaknommer by asb!

JEUGBEDIENING

- Die kleuterkerk bedien 2 groepe: 3-4 jariges en 5-6 jariges. Elkeen van die groepe het ‘n eie lokaal. Ouers wat kinders in dié ouderdomsgroep het– bring julle kinders!
- Die bediening vir die graad 1-6 is tydens die oggenddiens. ’n Kinderdiens word vir die kinders gehou en daarna word in die graadgroepe verdeel. Ons sluit vandag vir die kwartaal.
- Die bediening vir graad 7-11 het reeds gesluit vir die kwartaal.

BOTSWANA

1) Die September 2011 uitreik word beplan vir DV vanaf Donderdag die 28 ste September tot Sondag die 9e Oktober.

2) Ons gaan uitreik met die Jesus film en as ons die fondse en materiaal bymekaar kan kry gaan ons probeer om die kerk te verf, ‘n sement blad te gooi by die Sendingstasie en of vir Zavimbi (Plaaslike werker) ‘n huisie op te rig.

3) Ons gaan ook kyk na my area waar ek my wil gaan vestig as die Here wil.

4) Ons behoefte is, fondse/skenking van 5 gewone opvou staal tafels(Tafels kan ons ook saamvat indien geskenk), fondse vir 20 plastiek stoele vir opleiding lokaal, fondse vir 5 sakke sement, 60 liter PVA verf en Bybels!

Skakel Jerry by 08233513 of gee af by die kerkkantoor DANKIE!!!

Huisgodsdiens

Die huisgodsdiensrooster is ‘n program wat opgestel is wat dit vir ‘n gesin moontlik maak om een keer per week vir ‘n halfuur saam rondom die Bybel te sit. Die program word per e-pos uitgestuur – as jy nie e-pos fasiliteite het nie, is dit na die diens in die ingangsportaal op die toonbank beskikbaar. As jy deel wil wees, kontak ds Cilliers.

Baie dankie

Ek wil net baie dankie sê vir al die liefde, ondersteuning en veral die voorbidding tydens my siekte. Ek waardeer dit geweldig baie.

Pattie Beukes



Liewe familie en vriende

Ons het die afgelope twee weke 'n bietjie van Frankryk leer ken. Ons het die voorreg gehad om in 'n groepie van agt saam met Johan en Rita Bloemhof Frankryk op die spoor van die Hugenote te leer ken, en dan terselfder tyd met van die Evangeliese kerkies kontak te maak. Ons het ook daagliks tyd gemaak om saam vir die spesifieke behoeftes van die onderskeie streke te bid.

Ons sê baie dankie vir ons Hemelse Vader dat ons hierdie unieke ervaring kon beleef.

Dankie ook vir almal wat vir ons gebid het. Ons kon dit op alle vlakke aanvoel.

Elke dag was 'n unieke ervaring en ek sou 'n paar bladsye oor elkeen kon skryf. Ek gaan nie naastenby so iets probeer aanpak nie, maar veroorloof my enkele opmerkings uit ons waarnemings:

Frankryk is 'n pragtige land en ons het die heerlikste somerweer vir die hele tyd ondervind.

Die Franse dorpies is almal uniek met 'n geskiedenis wat dikwels terug dateer tot die Romeinse tyd of selfs vroeër.

Die vervolging wat met die herroeping van die Edik van Nantes in 1685 duisende Hugenote landuit laat vlug het (waarvan 'n handjievol in 1688 in die Kaap aangekom het) is net die oortjies van die seekoei. **Die vervolging van Protestante** het letterlik eeue aangehou en in die proses is tienduisende vir dekades in tronke gesit, galeie laat roei, lewendig verbrand, in stukke gekap en aan die wreedste denkbare folteringe onderwerp net omdat hulle in Jesus as enigste verlosser geglo het.

Frankryk is nou nog **nie vry van vervolging van gelowiges nie,** dit vind net plaas op 'n ander vlak. Verskeie Christene uit Evangelise kerke sê dat hulle nie durf waag om openlik te sê hulle is Christene nie, omdat hulle onmiddellik geviktimiseer sal word en selfs hulle werk kan verloor.

Ten spyte hiervan **groei die kerk** en word daar gemiddeld een nuwe gemeente elke tien dae gestig.

Daar is dus **'n geweldige behoefte aan opleiding** van gemeenteleiers omdat die gemeentes klein is en nie voltydse leraars kan bekostig nie. Leiding word deur lidmate geneem, en hulle het toerusting nodig.

Bid asb daarom vir:

- **Die kerke in Frankryk** wat onder moeilike omstandighede funiksioneer.
- **Wysheid** om hierdie behoefte op die regte manier aan te spreek.
- Bid verder vir my **besoek aan die Kongo** volgende week.

Vrede en vreugde vir julle almal,

Dawie en Naomi

Sielskalender vir die week

Maandag

Maak ‘n keuse vir totale oorgawe

*Lees ‘n maand lank net die vier Evangelies

* Wat steel van jou stiltetyd? Stel ‘n perk op “tegnologiese diewe” soos e-pos en Face-book

* Is daar iets wat Jesus se plek in jou lewe ineem—jou kinders, jou werk, ‘n soeke na status…?

Bely en raak ontslae van afgode en pas jou prioriteitslys aan.

Woensdag

Loop die pad van vryspraak

*Het iemand jou seergemaak? Vergewe en seen die persoon in Jesus se Naam.

* Het jy iemand seergemaak? Bely dit en vra om vergifnis.

* Erken jou eie swakheid en broosheid teenoor God en bid vir heling en herstel.

Vrydag

Vertrou, al verstaan jy nie

*Kweek ‘n verlange om God se Stem te hoor deur jouself gereeld af te sonder vir intieme tye saam

* Lei Jesus jou duidelik om iets vir Hom te doen? Moenie teenstand bied nie. Gehoor-saamheid bring beloning.

Sondag

Rus in Jesus

*Sonder jouself af vir ‘n herinneringsreis saam met God. Eer Hom vir Sy getrouheid.

* Stel jouself oop vir Sy liefde en ‘n innige ver-houding met Hom.

* Bedien jou huweliksmaat met Nagmaal. Sien in die tekens van brood en wyn hoe Je-sus jul huwelik nuut wil maak.

Dinsdag

Aanvaar Sy plan vir jou lewe

* Jy’t dalk biae drome, maar watter daarvan is Jesus s’n vir jou lewe?

* Onderskei tussen dit wat goed is en dit wat God wil hê.

* Wanneer jy nie weet wat om te doen nie, bid eers en wag op Sy hulp en raad.

Donderdag

Leef die gebod van liefde!

*Kyk na ander deur Jesus se oë. Vergeet van voorkoms en vooroordele.

* Leef toegewyd aan jou geestelike familie. Is daar iemand wat jou hulp nodig het met hul werklading by die kerk?

* Vra jouself gereeld af: Wat het ek in die laaste 24 uur gedoen om die liefdesgebod uit te leef?

Saterdag

Wees ‘n seën in Sy Naam

*Soek Skrifgedeeltes om oor jou geliefdes uit te spreek.

* Hou ‘n onnie-aand (die teenoorgestelde van oueraand!) waar julle as ouers die onderwy-sers bederf.

* Sit handjie by met ‘n jeugkamp en help jeug-werkers om getrou te bly aan hul geestelike visie.

Gebedskalender vir die week

Sondag

ALTYD VOORT NA U LIG

Verlosser-Heer, help my om my verkeerde optrede opreg voor U te bely. Ek neem verantwoordelikheid vir wat ek verkeerd gedoen het en vra om vergifnis. Amen

Maandag

GOD, WÉÉS DAAR

Vader, ons bid vir redding en herstel van U heilige stad Jerusalem. Tree tussenbeide dat vrede en geregtigheid sal geskied. Ontferm U oor haar inwoners. Amen

Dinsdag

EWIGE VERTROUE

Jesus, dankie dat U elke oomblik van die dag by my bly. U is my krag, U maak my vreesloos. Gun my stil oomblikke, Heer, om vurig tot U te bid en my kommer na U te bring. Amen

Woensdag

NET U KAN

Vader, ek bely ek het soms 'n blinde hart wat ander se behoeftes miskyk. Help my hiermee, Heer. Maak my vry van myself, en maak my oë hoop vir ander. Amen

Donderdag

ALTYD TOT U EER

Jesus, U Naam is wonderbaar mooi. Vergewe my as ek dit ooit misbruik, as ek soms oor U Naam swyg of toelaat dat ander dit belaster. Help my om U Naam met ontsag te eer. Amen

Vrydag

'N STIL, RUSTIGE HART

Onveranderlike Here, wys my hoe om U vandag te dien—ten spyte van my deurmekaar gemoed. Lei my om verby gevoelens en gedagtes te kyk en U te vertrou. Amen

Saterdag

NET U IS MY KRAG

Jesus, help my om vandag nie tou op te gooi nie, om op te staan en werk te maak van my probleme—al is dit moeilik. Dankie vir U groot genader oor my lewe. Amen

Met dank: www.leef.co.za

Redaksie:

Naomi Scheepers

Selnommer 0791349256

E-pos: naomischeepers@hotmail.com